



**ORANIA
INFRASTRUKTUUR** (Edms) Bpk

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienommer 2011/008782/07)
Afsonderlike finansiële jaarstate
vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Hierdie afsonderlike finansiële jaarstate is onafhanklik voorberei deur:
Enslins Kimberley Ingelyf
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Direkteur: L Ramsay GR(SA) RA

Logista Professional Services Incorporated
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Professionele Rekenmeesters (SA)

Hierdie afsonderlike finansiële state is daar 'n onafhanklike oorsig uitgevoer in ooreenstemming met die toepaslike vereistes
van die Maatskappywet van Suid-Afrika.
5 Augustus 2026 uitgereik

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Algemene inligting

Land van inkorporasie en domisilie	Suid-Afrika
Aard van besigheid en hoofaktiwiteite	Infrastruktuurontwikkeling
Direkteure	JA Venter (Aangestel: 05 November 2025) JH Maritz (Aangestel: 02 Oktober 2024) CA Strydom (Aangestel: 02 Oktober 2024) CH Basson (Aangestel: 02 Oktober 2024) FJD de Klerk (Aangestel: 02 Oktober 2024) JF van Wyk (Aangestel: 02 Oktober 2024) IM Roets (Aangestel: 01 Oktober 2025) PS Krige (Aangestel: 01 Oktober 2025) LRH van Everson (Bedank: 19 Januarie 2026) ET Ferreira (Bedank: 19 Januarie 2026) FD Joubert (Bedank: 08 Oktober 2025)
Geregistreerde kantoor	Olienhoutrylaan S001 Orania 8752
Besigheidsadres	Olienhoutrylaan S001 Orania 8752
Houermaatskappy	Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk geïnkorporeer in Suid-Afrika
Bankiers	OSK Koöperatiewe Bank Bpk Standard Bank
Nasiener	Logista Professional Services Incorporated Geoktrooleerde Rekenmeesters (SA) Professionele Rekenmeesters (SA)
Sekretaris	JF van Wyk
Maatskappy registrasienuommer	2011/008782/07
Belastingverwysingsnommer	9005/896/22/1
Vlak van gerusstelling	Hierdie afsonderlike finansiële state is 'n onafhanklike oorsig uitgevoer in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.
Opsteller	Hierdie afsonderlike finansiële jaarstate is onafhanklik voorberei onder toesig van: Enslins Kimberley Ingelyf Geoktrooleerde Rekenmeesters (SA) Direkteur: L Ramsay GR(SA) RA
Gepubliseer	5 Augustus 2026

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Inhoudsopgawe

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die afsonderlike finansiële jaarstate wat aan die aandeelhouer voorgelê is:

	Bladsy
Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring	3
Direkteursverslag	4 - 5
Onafhanklike Nasionale se Verslag	6 - 7
Staat van finansiële stand	8
Staat van omvattende inkomste	9
Staat van veranderings in ekwiteit	10
Staat van kontantvloei	11
Rekeningkundige beleid	12 - 15
Aantekeninge tot die finansiële jaarstate	16 - 28
Die volgende aanvullende inligting is nie deel van die afsonderlike finansiële state wat onafhanklik hersien is nie:	
Volledige inkomtestaat	29 - 30
Belastingberekening	31

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring

Die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis dat die direkteure toereikende rekeningkundige rekords moet handhaaf en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die afsonderlike finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat by hierdie verslag ingesluit is. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die afsonderlike finansiële jaarstate 'n redelike weergawe is van die stand van sake van die maatskappy soos aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede en kontantvloeï vir die tydperk wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die 'IFRS® for SME's Accounting Standard as issued by the International Accounting Standards Board (IASB)' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika 71 van 2008.

Die afsonderlike finansiële jaarstate is ooreenkomstig die 'IFRS for SME's Accounting Standard as issued by the IASB' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika 71 van 2008 opgestel en is gebaseer op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en wat deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.

Die direkteure erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die maatskappy ingestel is en plaas aansienlike klem op die handhawing van 'n streng beheeromgewing. Die direksie stel standaarde vir interne beheer wat daarop gemik is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verminder, om die direkteure in staat te stel om hierdie verantwoordelikhede na te kom. Die standaard sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, doeltreffende rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Hierdie beheermaatreëls word regdeur die maatskappy gemoniteer en alle werknemers word verplig om die hoogste etiese standaarde te handhaaf om te verseker dat die maatskappy se sake uitgevoer word op 'n wyse wat in alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die maatskappy se fokus op risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die maatskappy. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die maatskappy om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, kontroles, stelsels en etiese gedrag binne voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas en bestuur word.


Die direkteure is van mening, gebaseer op die inligting en verduidelikings wat deur die bestuur gegee is, dat die interne beheerstelsels redelike sekuriteit bied dat daar vir die voorbereiding van die afsonderlike finansiële jaarstate op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne finansiële beheerstelsel kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesenlike wanvoorstelling of verlies.

Die direkteure het die maatskappy se kontantvloeivoorskatting vir die jaar tot 31 Desember 2026 geëvalueer en, in die lig van hierdie oorsig en die huidige finansiële posisie, is hulle daarvan oortuig dat die maatskappy toegang het tot toereikende hulpbronne om in die afsienbare toekoms in operasionele bestaan voort te gaan.

Die onafhanklike nasiener is verantwoordelik vir die onafhanklike hersiening en verslagdoening van die maatskappy se afsonderlike finansiële state. Die afsonderlike finansiële state is deur die maatskappy se onafhanklike nasiener ondersoek en hul verslag is uiteengesit op bladsy 6 tot 7.

Die afsonderlike finansiële jaarstate wat uiteengesit is op bladsys 8 tot 31, en voorberei is op die lopendesaa-grondslag, is goedgekeur en onderteken namens die direksie op 5 Augustus 2026 deur:

Goedkeuring van afsonderlike finansiële jaarstate



JA Venter (Voorsitter)

Orania

05 Augustus 2026

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Direkteursverslag

Dit is vir die direkteure 'n plesier om hul verslag oor die afsonderlike finansiële jaarstate van Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk vir die jaar geëindig 31 Desember 2025, in te dien.

1. Inkorporasie

Die maatskappy is op 15 April 2011 geïnkorporeer en het sy sertifikaat om met besigheid te begin op dieselfde dag verkry.

2. Aard van besigheid

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk is in Suid-Afrika geïnkorporeer met belange in die Infrastruktuurontwikkeling. Die maatskappy dryf handel in Suid-Afrika.

Daar was geen wesenlike veranderings in die maatskappy se aard van besigheid sedert die vorige jaar nie.

3. Oorsig van finansiële resultate en aktiwiteite

Die afsonderlike finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met die 'IFRS for SME's Accounting Standard as issued by the IASB' en die vereistes van die Maatskappijwet van Suid-Afrika 71 van 2008. Die rekeningkundige beleid is konsekwent in vergelyking met die vorige jaar toegepas.

Volledige besonderhede van die finansiële posisie, resultate van die bedrywighede en kontantvloeï van die maatskappy word in hierdie afsonderlike finansiële jaarstate uiteengesit.

4. Aandelekapitaal

Gemagtig Aandelekapitaal	2025		2024	
	Aantal aandele		Aantal aandele	
	100 000 000		100 000 000	
Uitgereik Gewone aandele	2025	2024	2025	2024
	R	R	Aantal aandele	Aantal aandele
	14 330 059	14 330 059	1 309 094	1 309 094

Sien aantekening 10 van die afsonderlike finansiële jaarstate vir besonderhede van die beweging in gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal.

5. Direkteure

Die direkteure in amp op die datum van hierdie verslag is as volg:

Direkteure	Hoedanigheid	Veranderinge
JA Venter	Nie-uitvoerende	Aangestel 05 November 2025
JH Maritz	Nie-uitvoerende	Aangestel 02 Oktober 2024
CA Strydom	Nie-uitvoerende	Aangestel 02 Oktober 2024
CH Basson	Nie-uitvoerende	Aangestel 02 Oktober 2024
FJD de Klerk	Nie-uitvoerende	Aangestel 02 Oktober 2024
JF van Wyk	Nie-uitvoerende	Aangestel 02 Oktober 2024
IM Roets	Nie-uitvoerende	Aangestel 01 Oktober 2025
PS Krige	Nie-uitvoerende	Aangestel 01 Oktober 2025
LRH van Everson	Nie-uitvoerende	Bedank 19 Januarie 2026
ET Ferreira	Nie-uitvoerende	Bedank 19 Januarie 2026
FD Joubert	Nie-uitvoerende	Bedank 08 Oktober 2025

6. Houermaatskappy

Die maatskappy se houermaatskappy is Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk wat 100% (2024 :100%) van die maatskappy se ekwiteit hou. Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk is in Suid-Afrika geïnkorporeer.

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Direkteursverslag

7. Gebeure na verslagdoeningsdatum

Direksie is nie bewus van enige wesenlike gebeurlikhede wat plaasgevind het na die verslagdoeningsdatum tot en met die datum van hierdie verslag nie.

8. Lopende saak

Die afsonderlike finansiële jaarstate is opgestel op grond van rekeningkundige beleide wat op 'n lopende saak van toepassing is. Die grondslag veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige bedrywighede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van laste, voorwaardelike verpligtinge en aanspreeklikhede in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Ons vestig aandag op die feit dat die maatskappy op 31 Desember 2025 'n opgehoopte wins van R 23 849 380 gehad het en dat die maatskappy se totale bates sy totale laste met R 38 179 439 oorskry.

9. Sekretaris

Mnr JF van Wyk het gedurende hierdie finansiële periode as maatskappysekretaris opgetree.

10. Verklaring van openbaarmaking aan die maatskappy se nasiener

Met betrekking tot elke persoon wat 'n direkteur is op die dag waarop hierdie verslag goedgekeur word:

- is daar, sover die persoon bewus is, geen relevante inligting waarvan die maatskappy se nasiener onbewus is nie; en
- het die persoon al die stappe geneem wat hy of sy as 'n direkteur moes neem om bewus te wees van enige relevante inligting en om vas te stel dat die maatskappy se nasiener daarvan bewus is.

11. Aanstellingsvoorwaardes van die nasiener

Logista Professional Services Incorporated is as die maatskappy se nasiener aangestel.

Die aandeelhouers sal by die algemene jaarvergadering versoek word om Logista Professional Services Incorporated as die onafhanklike eksterne nasiener vir die maatskappy vir die 2026 finansiële jaar aan te stel en om Mnr GT Wessels GR(SA) RA as die onafhanklike nasiener aan te wys.

12. Datum van goedkeuring vir uitreiking van die afsonderlike finansiële jaarstate

Die afsonderlike finansiële jaarstate was gemagtig vir uitreiking deur die direkteure op 5 Augustus 2026. Geen magtiging is aan enigiemand gegee om die afsonderlike finansiële jaarstate te wysig na die datum van uitreiking nie.



ONAFHANKLIKE NASIENER SE VERSLAG

Aan die Aandeelhouer van Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

Ons het die finansiële state van Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk, soos uiteengesit op bladsye 8 tot 28, wat bestaan uit die staat van finansiële stand soos op 31 Desember 2025, en die staat van omvattende inkomste, staat van verandering in ekwiteit en staat van kontantvloei vir die jaar geëindig 31 Desember 2025, en aantekeninge tot die finansiële state, insluitend 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid, nagesien.

Direkteure se Verantwoordelikheid vir die Finansiële State

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig die 'IFRS for SMEs Accounting Standard as issued by the International Accounting Standards Board (IASB)' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag vir die opstel van finansiële state, wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

Onafhanklike Nasiener se Verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n gevolgtrekking oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons oorsig ooreenkomstig die 'International Standard on Review Engagements 2400 (Revised), Engagements to Review Historical Financial Statements' (ISRE 2400 (Revised)) uitgevoer. ISRE 2400 (Revised) vereis van ons om tot 'n gevolgtrekking te kom of enigiets onder ons aandag gekom het wat ons laat glo dat die finansiële state, in geheel gesien, nie in alle wesenlike opsigte opgestel is ooreenkomstig die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk nie. Hierdie Standaard vereis ook dat ons aan relevante etiese vereistes voldoen.

'n Oorsig van finansiële state ooreenkomstig ISRE 2400 (Revised) is 'n beperkte gerusstellingsaanstelling. Die onafhanklike nasiener voer prosedures uit wat hoofsaaklik bestaan uit die rig van navrae aan bestuur en ander persone binne die entiteit, soos toepaslik, en die toepassing van analitiese prosedures, en evalueer die bewyse wat verkry is.

Die prosedures wat uitgevoer word tydens 'n oorsig is aansienlik minder as dié wat tydens 'n audit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer word. Dienooreenkomstig spreek ons nie 'n auditmening oor hierdie finansiële state uit nie.

Gevolgtrekking

Gebaseer op ons oorsig, het niks onder ons aandag gekom wat ons laat glo dat die finansiële state nie, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling is van die finansiële stand van Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk soos op 31 Desember 2025 en van die maatskappy se finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig die 'IFRS for SMEs Accounting Standard as issued by the IASB' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika nie.

LOGISTA ACCOUNTING

426 King's Highway
Lynnwood
Pretoria
0081

+27 (0)12 362 1431
+27 (0)86 296 1111
info@logista.co.za
www.logista.co.za

HW Regenass CA(SA)
AJ Bosman CA(SA)
GT Wessels CA(SA)
JDT Coetzee CA(SA)
H Pretorius PA(SA)

LOGISTA PROFESSIONAL SERVICES INC.
Reg. No.: 1989/002462/21
SAIPA Practice No.: ATC 1220
Independent Member of BKR Int.






Ander Verslae wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word

Die direkteur is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die inligting ingesluit in die dokument getiteld "Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025", wat die Direkteursverslag soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika asook die aanvullende inligting soos uiteengesit op bladsye 29 - 31 insluit en ons spreek geen vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons onafhanklike oorsig van die finansiële state het ons die Direkteursverslag gelees, en sodoende oorweeg of die Direkteursverslag wesenlik teenstrydig is met die finansiële state of ons kennis verkry gedurende die oorsig, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van die Direkteursverslag is, sal ons daardie feit rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.


Gerhard Wessels 2026-08-11
(Electronic)

GT Wessels
Direkteur
Geoktrooieerde Rekenmeester (SA)
Praktyk nommer: 04893812

11 Augustus 2026

LOGISTA ACCOUNTING

426 King's Highway
Lynnwood
Pretoria
0081

+27 (0)12 362 1431
+27 (0)86 296 1111
info@logista.co.za
www.logista.co.za

HW Regenass CA(SA)
AJ Bosman CA(SA)
GT Wessels CA(SA)
JDT Coetzee CA(SA)
H Pretorius PA(SA)

LOGISTA PROFESSIONAL SERVICES INC.
Reg. No.: 1989/002462/21
SAIPA Practice No.: ATC 1220
Independent Member of BKR Int.



25-445336-5
28-15-4439-E

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2025

	Aan- teke- ning(e)	2025 R	2024 R
Bates			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	2	46 132 453	42 673 575
Beleggings in filiale	3	1 000	600
Ander finansiële bates	5	300	300
Uitgestelde belasting	6	4 822 681	1 316 396
		50 956 434	43 990 871
Bedryfsbates			
Voorraad	7	180 587	196 625
Handels- en ander debiteure	8	693 426	2 791 557
Kontant en kontantekwivalente	9	2 328 980	9 513 090
		3 202 993	12 501 272
Totale bates		54 159 427	56 492 143
Ekwiteit en aanspreeklikhede			
Ekwiteit			
Aandelekapitaal	10	14 330 059	14 330 059
Behoue verdienste		23 849 380	25 405 714
		38 179 439	39 735 773
Laste			
Nie-bedryfslaste			
Ander finansiële aanspreeklikhede	11	11 313 852	11 704 183
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure	13	1 601 103	2 406 807
Lenings vanaf aandeelhouders	4	269 826	-
Ander finansiële aanspreeklikhede	11	2 434 580	2 356 639
Voorsienings	12	360 627	288 741
		4 666 136	5 052 187
Totale laste		15 979 988	16 756 370
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		54 159 427	56 492 143

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Staat van omvattende inkomste

		2025 R	2024 R
	Aan- teke- ning(e)		
Inkomste	14	11 275 847	28 767 450
Koste van verkope	15	(3 822 272)	(9 910 730)
Bruto wins		7 453 575	18 856 720
Ander inkomste	16	1 764 239	1 813 866
Bedryfsuitgawes	17	(13 228 863)	(13 658 934)
Bedryfswins		(4 011 049)	7 011 652
Beleggingsinkomste	19	447 945	539 408
Finansieringskoste	20	(1 255 188)	(1 400 888)
(Verlies) wins voor belasting		(4 818 292)	6 150 172
Belasting	21	3 261 958	109 091
(Verlies) wins vir die jaar		(1 556 334)	6 259 263
Ander omvattende inkomste		-	-
Totale omvattende (verlies) inkomste vir die jaar		(1 556 334)	6 259 263

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Staat van verandering in ekwiteit

	Aandele- kapitaal R	Behoue verdiens- te R	Totale ekwiteit R
Saldo op 1 Januarie 2024	9 529 852	19 146 451	28 676 303
Wins vir die jaar	-	6 259 263	6 259 263
Ander omvattende inkomste	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	6 259 263	6 259 263
Omskepbare verpligting in ekwiteitskomponent	4 800 207	-	4 800 207
Totale verandering	4 800 207	-	4 800 207
Saldo op 1 Januarie 2025	14 330 059	25 405 714	39 735 773
Verlies vir die jaar	-	(1 556 334)	(1 556 334)
Ander omvattende inkomste	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	(1 556 334)	(1 556 334)
Saldo op 31 Desember 2025	14 330 059	23 849 380	38 179 439
Aantekening(e)	10		

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Staat van kontantvloei

	Aan- teke- ning(e)	2025 R	2024 R
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant (aangewend in) gegenerer deur bedrywighede	22	(142 416)	12 063 828
Belasting (betaal) ontvang	23	(244 327)	140 156
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite		(386 743)	12 203 984
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Aankope van eiendom, aanleg en toerusting	2	(5 947 161)	(6 170 345)
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	2	-	30 000
Verkryging van filiaal		(400)	-
Rente-inkomste		447 945	539 408
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite		(5 499 616)	(5 600 937)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Opbrengs op ander finansiële aanspreeklikhede		6 846 077	3 774 073
Terugbetaling van ander finansiële aanspreeklikhede		(7 158 464)	(4 745 682)
Terugbetalings op aandeelhouderslening		(2 215 883)	(1 577 074)
Opbrengs van aandeelhouderslening		2 485 709	3 651 997
Finansieringskoste		(1 255 188)	(1 400 888)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite		(1 297 751)	(297 574)
Totale kontantbeweging vir die jaar		(7 184 110)	6 305 473
Saldo aan die begin van die jaar		9 513 090	3 207 617
Saldo aan die einde van die jaar	9	2 328 980	9 513 090

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasiensnommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Rekeningkundige beleid

1. Opstellingsgrondslag en opsomming van beduidende rekeningkundige beleid

Die afsonderlike finansiële jaarstate is ooreenkomstig die 'IFRS for SME's Accounting Standard as issued by the IASB' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika 71 van 2008 opgestel. Die afsonderlike finansiële jaarstate is op die historiesekostegroundslag opgestel. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk.

1.1 Beduidende oordeel en bronne van ramingsonsekerheid

Belangrike oordeel in die toepassing van rekeningkundige beleid

Bestuur het nie belangrike oordele in die toepassing van die rekeningkundige beleid gemaak nie.

Beduidende oordeel en bronne van ramingsonsekerheid

Daar is geen bates of laste in die afsonderlike finansiële jaarstate waarvan die drabedrae gebaseer is op ramings waarvoor daar beduidende risiko van wesenlike aanpassing in die volgende jaar, as gevolg van sleutel ramingsaannames, bestaan nie.

Die entiteit besit infrastruktuur- en optiese veselbates, wat toekomstige waardasies en ramings met betrekking tot lewensduur of waardedaling van hierdie bates moontlik kan beïnvloed.

1.2 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting is tasbare bates wat die maatskappy hou vir eie gebruik of vir verhuring aan ander en wat na verwagting vir meer as een tydperk gebruik sal word.

Eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys gemeet.

Die kosprys sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n item van eiendom, aanleg en toerusting te verkry of te bou en koste wat daarna aangegaan is om daarby toe te voeg, 'n deel daarvan te vervang, of dit te diens. Indien 'n vervangingskoste erken word in die drabedrag van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting word die drabedrag van die vervangde gedeelte omgeswaai.

Uitgawes wat daarna aangegaan is vir groot dienste, toevoegings tot of vervangings van dele van eiendom, aanleg en toerusting word gekapitaliseer indien dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat verband hou met die uitgawe na die maatskappy sal vloei en die koste betroubaar gemeet kan word. Dag tot dag dienskoste word in die tydperk waarin dit aangegaan is by wins of verlies ingesluit.

Eiendom, aanleg en toerusting word gevolglik openbaar gemaak teen kosprys minus opgehoopte depresiasie en enige opgehoopte waardedalingsverliese, behalwe vir grond wat teen kosprys minus enige opgehoopte waardedalingsverliese openbaar gemaak word.

Depresiasie van 'n bate begin wanneer die bate beskikbaar is vir gebruik soos deur bestuur beoog. Depresiasie word gehef om die drabedrag van die bate oor sy geskatte nuttige lewensduur af te skryf na sy geskatte reswaarde, deur gebruik te maak van 'n metode wat die patroon waarin die bate se ekonomiese voordele wat deur die maatskappy opgeneem word, die beste reflekteer.

Die nuttige lewensduur van items van eiendom, aanleg en toerusting is soos volg geëvalueer:

Item	Depresiasiemetode	Gemiddelde nuttige lewensduur
Gereedskap, masjienerie en toerusting	Reguitlyn	6-7 jaar
Geboue	Reguitlyn	20 jaar
Grond	Reguitlyn	Onbepaald
Infrastruktuur	Reguitlyn	20 jaar
Kommunikasiestelsel en hoofraamrekenaar	Reguitlyn	3 jaar
Meubels en vaste toebehore	Reguitlyn	6-7 jaar
Motorvoertuie	Reguitlyn	5 jaar
Optiese vesel netwerk	Reguitlyn	20 jaar
Rekenaartoerusting	Reguitlyn	3 jaar

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasiensnommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Rekeningkundige beleid

1.2 Eiendom, aanleg en toerusting (vervolg)

Sekuriteitstoerusting
Trekke en implemente

Reguitlyn
Reguitlyn

5 jaar
5 jaar

Wanneer aanwysers teenwoordig is dat die nuttige lewensduur en reswaardes van items van eiendom, aanleg en toerusting sedert die mees onlangse jaarlikse verslagdoeningsdatum verander het, word dit herevalueer. Enige verandering word vooruitwerkend as 'n verandering in rekeningkundige raming verantwoord.

'n Item van eiendom, aanleg en toerusting word omgeswaai wanneer dit verkoop word, of wanneer geen toekomstige ekonomiese voordele vanuit sy voortgesette gebruik of verkoop verwag word nie. Enige wins of verlies wat voortspruit uit die omswaai van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting, wat bepaal word as die verskil tussen die netto opbrengs uit verkope, indien enige, en die drabedrag van die item, word by wins of verlies ingesluit wanneer die item omgeswaai word.

1.3 Beleggings in filiale

Beleggings in filiale word gemeet teen kosprys minus enige opgehoopte waardedalingverliese.

Die maatskappy berei nie gekonsolideerde finansiële jaarstate voor nie omdat dit self 'n filiaal is en sy houer berei gekonsolideerde finansiële jaarstate in ooreenstemming met die 'IFRS for SME's Accounting Standard as issued by the IASB' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika 71 van 2008 voor.

1.4 Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente sluit in kontant op hande, opeisbare deposito's en ander korttermyn hoogs likiede beleggings met vervallende van drie maande of minder.

1.5 Finansiële instrumente

Aanvanklike meting

Finansiële instrumente word aanvanklik gemeet teen die transaksieprys (insluitend transaksiekoste, behalwe in die aanvanklike meting van finansiële bates en laste wat gemeet word teen billike waarde deur wins of verlies) tensy die ooreenkoms, in effek, 'n finansieringstransaksie uitmaak in welke geval dit gemeet word teen die huidige waarde van die toekomstige betalings verdiskonteer teen 'n markkoers van rente vir 'n soortgelyke skuldinstrument.

Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste

Hierdie sluit in lenings, handelsdebiteure en handelskrediteure. Dit word daarna teen geamortiseerde koste gemeet deur gebruik te maak van die effektiwerentemethode. Skuldinstrumente wat as bedryfsbates of -laste geklassifiseer is, word gemeet teen die onverdiskonteerde bedrag van die kontant wat verwag word om ontvang of betaal te word, tensy die ooreenkoms effektief 'n finansieringstransaksie uitmaak.

Op elke verslagdoeningsdatum, word die drabedrag van bates wat in hierdie kategorie gehou word hersien om te bepaal of daar enige objektiewe bewyse van waardedaling is. Indien daar objektiewe bewyse is, word die verhaalbare bedrag beraam en met die drabedrag vergelyk. Indien die beraamde verhaalbare bedrag laer is, word die drabedrag verminder na sy beraamde verhaalbare bedrag, en 'n waardedalingverlies word onmiddellik in wins of verlies erken.

Finansiële instrumente teen kosprys

Ekwiteitsinstrumente wat nie in die openbaar verhandel word nie en waarvan die billike waarde andersins nie betroubaar sonder onnodige koste of moeite gemeet kan word nie, word teen kosprys minus enige waardedaling gemeet.

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasienommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Rekeningkundige beleid

1.6 Belasting

Lopendebelastingbates en -laste

Lopende belasting vir huidige en vorige tydperke word, in soverre dit onbetaald is, as 'n las erken. Indien die bedrag wat reeds betaal is ten opsigte van huidige en vorige tydperke meer is as die bedrag wat in daardie tydperke betaalbaar is, word die surplus as 'n bate erken.

Lopende belastinglaste (bates) vir die huidige en vorige tydperke word gemeet teen die bedrag wat na verwagting betaal sal word aan (verhaal sal word vanaf) die belastingowerhede, deur gebruik te maak van die belastingkoers (en belastingwetgewing) wat teen die verslagdoeningsdatum uitgevaardig is of in wese uitgevaardig is.

Die belasting aanspreeklikheid weerspieël die invloed van die moontlike uitkoms van 'n oorsig deur die belastingowerhede.

Uitgestelde belastingbates en -laste

'n Uitgestelde belastinglas word erken vir alle belasbare tydelike verskille.

'n Uitgestelde belastingbate word erken vir alle aftrekbare tydelike verskille tot die mate waarin dit waarskynlik is dat belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die aftrekbare tydelike verskil benut kan word.

'n Uitgestelde belastingbate word erken vir die oordrag van onbenutte belastingverliese tot die mate waarin dit waarskynlik is dat toekomstige belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die onbenutte belastingverliese benut kan word.

Uitgestelde belastingbates en -laste word gemeet teen die belastingkoerse wat na verwagting van toepassing sal wees in die periode wanneer die bate gerealiseer word of die verpligting vasgestel is, gegrond op die belastingkoerse (en belastingwette) wat uitgevaardig of verwag word om toegepas teen die einde van die verslagdoeningstydperk.

Belastinguitgawes

Belastinguitgawes word erken in dieselfde komponent van totale omvattende inkomste of ekwiteit as die transaksie of ander gebeurtenis wat gelei het tot die belastinguitgawe.

1.7 Voorraad

Voorraad word gemeet teen die laagste van die kosprys en beraamde verkoopsprys minus koste om te voltooi en te verkoop, op die eerste-in-eerste-uit (EIEU) grondslag.

1.8 Waardedaling van bates

Op elke verslagdoeningsdatum, evalueer die maatskappy of daar enige aanduiding is dat eiendom, aanleg en toerusting of ontasbare bates se waarde gedaal het.

Indien daar enige sodanige aanduiding is, word die verhaalbare bedrag van enige geaffekteerde bate (of groep van verwante bates) beraam en met sy drabedrag vergelyk. Indien die beraamde verhaalbare bedrag laer is, word die drabedrag verminder na sy beraamde verhaalbare bedrag, en 'n waardedalingsverlies word onmiddellik in wins of verlies erken.

Indien 'n waardedalingsverlies daarna omswaai, word die drabedrag van die bate (of groep van verwante bates) verhoog na die hersiene beraming van sy verhaalbare bedrag, maar nie meer as die bedrag wat bepaal sou word indien geen waardedalingsverlies vir die bate (of groep van bates) in die vorige jare erken is nie. 'n Omswaai van waardedaling word onmiddellik in wins of verlies erken.

1.9 Aandelekapitaal en ekwiteit

'n Ekwiteitsinstrument is enige kontrak wat bewys is van 'n oorblywende belang in die bates van 'n entiteit nadat al sy laste afgetrek is.

Gewone aandele word teen nie-pariwaarde erken en word in ekwiteit as 'aandelekapitaal' geklassifiseer.

Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk

(Registrasiensnommer 2011/008782/07)

Afsonderlike Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

Rekeningkundige beleid

1.10 Werknemervoordele

Korttermynwerknemervoordele

Die koste van korttermynwerknemervoordele (daardie wat betaalbaar is binne 12 maande nadat die diens gelewer is, soos betaalde verlof en bonusse) word erken in die tydperk waarin die diens gelewer is en word nie verdiskonteer nie.

1.11 Voorsienings en gebeurlikhede

Voorsienings word erken wanneer die maatskappy 'n verpligting het op die verslagdoeningsdatum as gevolg van 'n gebeurtenis in die verlede, dit waarskynlik is dat die maatskappy vereis sal word om ekonomiese voordeel oor te dra in vereffening, en die bedrag van die verpligting betroubaar beraam kan word.

